Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaars Vereniging ...vir die lede	**Posbus 902** **HARTENBOS** **6520** **Tel : 071 784 5275** E-pos: status1@status-mark.co.za www.hartenboshuiseienaars.co.za

NUUSBRIEF – NOVEMBER 2026

Geagte Lede

Goeiedag aan u almal.

2026 is nou op sy laaste afdraand, en dit blyk 'n steil een te wees, aangesien die jaar teen 'n aansienlike spoed na sy einde beweeg!

Daar is 'n aantal sake wat Bestuur graag onder u aandag wil bring, veral met die oog op die komende Algemene Jaarvergadering, sodat almal op dieselfde bladsy is.

1. Verantwoordelikhede van die Bestuur

Werksaamhede van die HVHV-oordbestuurder: September/Oktober 2026

Werksaamhede	Aantal
Besoeke aan sekuriteit	40
Patrollies in die oord	40
Monitering van kameras vir korrekte werking	61
Rapportering van straatligte wat buite werking is aan die Munisipaliteit	0
Rapportering van varswaterlekkasies aan die Munisipaliteit	1
Onderhoud- en herstelwerk deur kontrakteurs	1
Onderhoud- en herstelwerk deur eie personeel	3
Kwotasies verkry	8
Monitering van stormwateraflope tydens vloede/sterk reënbuie	1
Grassnydienste (elke tweede week)	4
Besoeke aan diensverskaffers vir grassnydienste	15
Aandag aan gevalle waar reëls nie nagekom is nie	13
Skade aan private eiendom opgespoor en aan eienaars gerapporteer	0
Bouplanne nagegaan	10
Gevalle van onwettige bouwerk	2

Monitering van boupersele	8
Navrae en klagtes van lede hanteer	10
Samesprekings en skrywes met die ATKV	4
Samesprekings en skrywes aan die Munisipaliteit	5
Administrasie	Deurlopend

2. Bestuurslede

Lede word hiermee in kennis gestel dat die nominasieproses vir bestuurslede vir die 2027-jaar binnekort sal afskop.

Die amptelike nominasiekennisgewing sal op 10 November 2026 aan lede uitgestuur word. Lede wat belangstel om hulself as bestuurslid vir 2027 beskikbaar te stel, word vriendelik uitgenooi om hul nominasies in te dien.

Belangrike sperdatum:

Alle voltooide nominasievorms moet teen **24 November 2026** by Status-Mark se kantore ingedien wees.

Nominasies kan per e-pos gestuur word na:

status1@status-mark.co.za

Ons moedig lede aan om betrokke te raak en hulself beskikbaar te stel om sodoende 'n bydrae tot die bestuur en belange van die kompleks te lewer.

3. Algemene Jaarvergadering

Lede word hiermee in kennis gestel dat die agenda vir die Algemene Jaarvergadering, wat op **28 Desember 2026 om 09:00** by Laerskool Hartenbos, Hartenbos, gehou sal word, op **2 Desember 2026** aan lede uitgestuur sal word.

Ons moedig alle lede vriendelik aan om die vergadering persoonlik by te woon en sodoende aktief deel te neem aan die sake van die vereniging.

Indien u ongelukkig nie die vergadering kan bywoon nie, word u versoek om asseblief u voltooide proksievorm betyds by die volgende e-posadres in te dien:

status1@status-mark.co.za

U betrokkenheid en deelname word opreg waardeer. Ons sien daarna uit om soveel moontlik lede by die vergadering te verwelkom.

4. Vullisverwydering

Vullisverwydering sal gedurende die komende Desember-/Januarie-vakansietydperk op die normale tye deur die Munisipaliteit geskied, naamlik:

- **Maandae:** Groen sakke.
- **Dinsdae:** Swart en blou sakke.

Bestuur reël dat vullissakke, bykomend tot die Munisipale diens, op die volgende datums verwyder sal word:

- 18 Desember 2026
- 24 Desember 2026
- 2 Januarie 2027

Eienaars wat beheer uitoefen oor privaat hekke in strate, word vriendelik versoek om te reël dat hierdie hekke op die betrokke dae oopgemaak word sodat vullissakke verwyder kan word.

5. Tuindienste

Die tuindienste ondervind steeds probleme om toegang tot sekere erwe te verkry om die gras te sny, aangesien agterplaashekkies gesluit is.

Dit sal op prys gestel word indien u asseblief sal reël dat persone wat na u eiendom omsien, hekkies betyds oopsluit om toegang tot die agterplaas te verkry.

Ons bedank u by voorbaat vir u samewerking.

6. Onderhoud van eiendomme

Baie dankie aan die eienaars wat na aanleiding van die vorige nuusbrief aandag aan die onderhoud van hul huise se dakke gegee het. Dit word opreg waardeer.

7. Bome en plante

Gevalle kom voor waar bome en plante deur siektes aangetas word en nie betyds behandel word nie.

Sulke gevalle kan veroorsaak dat bome en plante op aangrensende eiendomme ook besmet raak. Dit kan selfs skade aan huise veroorsaak, veral waar eiendomme vir lang tydperke onbewoon staan.

Die probleem kom veral voor waar huise naby aan mekaar gebou is, bome tussen huise oor grensmure groei en met geboue in aanraking kom. Dit kan ook tot oormatige skaduwee en vogtigheid lei, wat weer die groei van alge bevorder.

Eienaars word dus versoek om hul bome en plante gereeld te inspekteer en waar nodig die nodige behandeling te laat doen. Dit sal help om die verspreiding van siektes en moontlike skade aan aangrensende eiendomme te voorkom.

8. Beveiliging van eiendom

Soos wat die aantal besoekers aan Hartenbos gedurende vakansietye toeneem, neem die geleenthede vir misdaad ongelukkig ook toe.

Ons raai lede aan om nie waardevolle items sigbaar vanaf die straat of in ongeslote voertuie te laat nie.

Boosdoeners buit dikwels sulke geleenthede uit, aangesien hulle vinnig met waardevolle items kan verdwyn en min of geen spore agterlaat nie.

Ons versoek lede om gedurende die vakansietydperk ekstra waaksaam te wees en die nodige voorsorgmaatreëls te tref om hul eiendom te beveilig.

9. Dalmanuthalaan en Radynstraat

Pieter Kotze bevestig dat die skrywes aan die ATKV en die Munisipaliteit uitgestuur is en dat ontvangs deur beide partye erken is.

Die ATKV het verdere inligtingstukke aangevra, wat reeds aan hulle verskaf is.

Die regsbriewe wat aan die ATKV en die Munisipaliteit gerig is, is intussen amptelik op kennisgewing geplaas. Ons is bemoedig deur die vordering wat tot dusver gemaak is en sal voortgaan om die aangeleentheid noukeurig op te volg. Lede sal op hoogte gehou word van verdere verwikkelinge.

Daar word voorts berig dat die verwyderings- en afbreekwerk aan die betrokke gebou reeds begin het.

10. Versekering

Ons wil graag lede se aandag daarop vestig dat die kameratoerusting, asook die pale waarop dit gemonteer is, voortaan ook by HVHV se versekeringsdekking ingesluit is.

Lede sal dus opmerk dat voorsiening vir hierdie bykomende versekeringsdekking in die begroting gemaak is.

11. Finansies en begroting

Heffings en Begroting 2026/2027

Die maandelikse heffing vir die 2026/2027-boekjaar bly onveranderd R834 per maand.

Met betrekking tot die begroting wil ons graag 'n verdere verduideliking gee oor die regskoste van R200 000 wat in die 2025/2026-operasionele begroting opgeneem was Sommige lede het hierdie bedrag as 'n addisionele uitgawe beskou, eerder as deel van die operasionele begroting. Hierdie bedrag is nie weer in die 2026/2027-begroting ingesluit nie.

indien u die 25/26 en 26/27 begrotings met mekaar vergelyk (en die R200000 uit wil haal in die 25/26 as operationele begroting) , is dit dus belangrik om hierdie eenmalige bedrag in ag te neem, aangesien dit die persentasievergelyking tussen die twee boekjare beïnvloed.

Dit mag dan blyk dat daar n verhoging van 7,07% is indien die berekening oor die nege maande van Januarie tot September gesien word , Indien dieselfde verhoging egter oor 'n volle tydperk van 12 maande versprei word, kom dit op n effektiewe verhoging op 5,31% te staan.

Ons vertrou dat hierdie verduideliking lede sal help om die begroting en die gepaardgaande heffings in die regte perspektief te sien.

12. Vakansie Seisoen in Hartebos Vakansiedorp

Met die vakansieseisoen wat voorlê, wil ons graag ’n vriendelike beroep op al ons lede en hul gaste doen om bedagsaam teenoor mekaar op te tree en mekaar se rus en vrede te respekteer.

Hartenbos is vir baie van ons ’n plek waar ons ná ’n lang en besige jaar kom ontspan, tyd saam met familie en vriende deurbring en nuwe krag opbou. Ons versoek daarom dat almal asseblief hul bure in ag sal neem en onnodige of oormatige geraas sal vermy, veral gedurende die aand- en nagure.

Ons verstaan dat die feestyd, en veral Oujaarsaand wanneer ons die nuwe jaar verwelkom, ’n tyd van feesviering en vrolikheid is. Ons vra egter dat hierdie vieringe binne redelike perke sal bly en dat daar ook aan diegene gedink sal word wat graag die geleentheid wil gebruik om rustig te ontspan.

Kom ons toon wedersydse respek en begrip teenoor ons mede-lede en hul gesinne, sodat almal die vakansietyd in ’n aangename, rustige en vriendelike omgewing kan geniet.

Kom ons maak van Hartenbos ’n plek waar almal welkom voel en met gemoedsrus kan vakansie hou!

13. Brandveiligheid – Brandblussers

Met die oog op die veiligheid van alle inwoners en eiendom, word huiseienaars sterk aangeraai om te verseker dat 'n geskikte en diensbare brandblusser in hul wonings beskikbaar is, en dat dit gereeld nagegaan en onderhou word, en dat inwoners weet waar dit gehou word en hoe om dit veilig te gebruik.

'n Klein brand kan binne minute in ‘n ernstige situasie ontwikkel. Tydige optrede kan lewens red en aansienlike skade aan eiendom voorkom.

Voorkoming en voorbereiding is almal se verantwoordelikheid.

14. Slot

Ter afsluiting wil Bestuur graag van die geleentheid gebruik maak om u hartlik te bedank vir u samewerking en ondersteuning gedurende die afgelope jaar.

Ons wil ook graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u en u geliefdes 'n aangename en genotvolle vakansie aan die einde van 2026 toe te wens.

Mag u 'n geseënde Feestyd en 'n voorspoedige 2027 beleef!

Vriendelike groete

HVHV-Bestuur